Doppertjie

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Strand

No. 09/2021 14 Maart

Oggend

Sing: SB 1-6:1,3
SB 5-5:1,2

Votum
GroetSeën
Lofsang : Lied 205:1,3
Geloofsbelydenis : Nicea
God se wil : Efesiërs 5:6-16
Sing : Psalm 118:1,2 (1936)
Gebed
Skriflesing & Prediking
Teks : Psalm 1
Gebed : SB 10-2
Offergawes
Sing : Psalm 119:18,27 (2001)
Wegstuurseën

KERKINLIGTING

Predikant	Dinant Zwemstra	dinant@gkstrand.co.za	083 601 8986
Kantoor	Ian Strauss	admin@gkstrand.co.za	021 854 4584
Kantoorure	Maandag-Donderdag	08:00 – 13:00	
Webwerf	Karin Versteegh/Chris Joubert	www.gkstrand.co.za	Wagwoord:GKStrand
Facebook	www.facebook.com/groups/strandgk	**Eredienste op Internet:**	
Eredienstye	09:00 (oggend-somer) 18:30 (aand) 09:30 (oggend-winter) 18:30 (aand)	http://kerkdienstgemist.nl	
Skriba	Ian Strauss	admin@gkstrand.co.za	021 854 4584
Redakteur	Thys Ebersohn	doppertjie@gkstrand.co.za	081 784 1904
Diakonie		diakonie@gkstrand.co.za	

KERKRAAD AAN DIENS

Vandag **21 Maart**

Ouderlinge

Johan Erasmus, Hennie Roos

Ouderlinge

Francois van Zyl, Mossie Mostert

Diakens

Ria Ligthelm, Tiaan Coetzee

Diakens

Estie Bam, Ilse Kaspers

LIEF & LEED

- Biance Viljoen is nog in die hospitaal na chemo-behandeling vir kanker.

OFFERGAWES

Vandag
Diens: Sending & Evangelisasie
Deure: Barmhartigheidsdiens

21 Maart
Diens: Bolandse Bedieningsfonds
Deure: Plaaslike Bediening

Snap here to pay

SnapScan

PREEKSKETS

Soeke na Geluk

Teks: Psalm 1

Geliefdes, die wêreld verander teen 'n spoed, en dikwels, as gevolg van die spoed waarteen dinge verander, raak ons gedisoriënteerd. Veral rondom dinge soos die politiek, moraliteit en tradisionele instellings.

Saam met dit - omdat dinge vinnig verander, kyk ons mis dat niks in 'n vakuum ontstaan nie. Hedendaagse dinge het ontwikkel oor die eeue, en deur die eeue het die wêreld ontwikkel na wat dit vandag is. Die spoed waarteen dinge ontwikkel neem wel toe.

Die geskiedenis van hoe moderne mense ontwikkel is natuurlik geweldig lank. Daar is allerhande dinge wat 'n invloed gehad het, die impak van tegnologie op ons lewe, van 2 verskriklike wêreldoorloë, die ontwikkeling van 'n gebruikersekonomie na die Tweede Wêreld Oorlog, politieke omwentelinge en nog baie ander gebeure het 'n geweldige invloed gehad op die manier waarop ons vandag dink en na dinge kyk.

Deur die eeue is die mens eintlik maar besig met een ding – die soeke na geluk. Oor die afgelope 300 jaar het menigte filosowe hulle lewe hieraan gewy. Bekende ouens soos Oscar Wilde, Karl Marx, Friedrich Nietzsche en natuurlik Siegmund Freud het 'n geweldige invloed gehad oor wat die mens moet doen om geluk te vind.
Psalm 1 is soos die ingang na die res van die Psalms toe, nie waar nie. Sommige verklaarders sal sover gaan om te sê dat Psalm 1 'n samevatting is van die hele Bybel, want die beginsels daarin is eintlik so eenvoudig. Vandag kyk ons na vier beginsels oor geluk...

KERKSLEUTELS

Ons doen ‘n beroep op almal wat sleutels van die kerk, kerksaal en kerkkantoor het, om die kantoor te skakel. Ons wil net bepaal hoeveel sleutels in omloop is en wie dit het.

KOSKOMBUIS

Daar is nog gevriesde etes in die kerk se vrieskaste beskikbaar wat aan hulpbehoewende mense uitgedeel kan word. Neem gerus van die houers en deel uit aan mense wat dit nodig het.

VERJAARSDAE

Sondag, 14 Maart
Arenda de Koster
076 140 5422

Maandag, 15 Maart
Albert Klopper
072 098 7656

Kerryn Lubbe
076 097 5101

Wilma Bischoff
0836553492

Woensdag, 17 Maart
Marlene Reyneke
078 128 5200

Andre Coetzee
079 770 6547

Sarah Badenhorst
083 383 1932

Donderdag, 18 Maart
Ben van der Walt
072 114 2985

Vrydag, 19 Maart
Tjaart Venter
082 857 3694

Saterdag, 20 Maart
Sarel Lubbe
076 568 7623

Ons wens almal die seën van die Here toe op die nuwe lewensjaar.
Veels geluk!

EREDIENSTE

TYDENS VLAK 1

Die President het aangekondig dat die land na Vlak 1 van Inperking beweeg. Dit beteken dat tot 100 mense nou weer kerkdienste mag bywoon. Lidmate het nie meer nodig om voor Sondag hul name op 'n lys te plaas nie, maar daar sal steeds die nodige protokolle gehandhaaf word.

Ons het dus weer dienste in die kerk wat terselfdertyd dan oor die internet uitgesaai sal word.

Ons eredienste word uitgesaai op :
YouTube (https://www.youtube.com/channel/UCpURerSa590xyt6br8LeJ9g) en Kerkdienstgemist (https://kerkdienstgemist.nl/stations/1479#.WBbX5_l97al)

Die oordenking op Woensdagaande om 19:00 gaan voort en dit word ook op YouTube en Kerkdienstgemist uitgesaai.

Die Bybelstudie by die kerk op Woensdae gaan ook voort.

Ons sal die gemeente op hoogte hou van enige verwikkelinge.

Dinant Zwemstra

HUISBESOEKBRIEF: NAGMAAL 28 MAART

Fokus verse: Vers 5-8 AFR 53 Vertaling.

Tema: Die Here bewaar jou oral waar jy gaan. Vertrou Hom om jou te bewaar te midde van jou omstandighede.

Keuse van Teks: Psalm 121

Hoofpunte:

Die Here is jou bewaarder.

1. Die Psalmdigter begin hierdie Psalm met die vraag: "Waarvandaan sal my hulp kom?"
2. Hy gaan dan aan om homself te antwoord en verklaar met sekerheid dat sy hulp is in die naam van die Here wat die Hemel en aarde gemaak het.
3. Deur die hele psalm illustreer hy hierdie punt deur die term bewaar en bewaarder ses keer te herhaal (noem de voorbeelde van herhaling op.)
4. Hy maak dit duidelik dat die Here die bewaarder is van al die lede van sy volk deur Hom die bewaarder van Israel te noem.
5. Daarna spits die psalmdigter hom toe op die spesifieke persoonlike bewaring wat die Here bied. Hy beweeg vanaf algemene bewaring na persoonlike bewaring.
6. So word dit duidelik dat die Here sy kinders oral waar hulle gaan bewaar, ook nie net nou in die hede nie maar soos gesê word in vers 8 van nou af tot in ewigheid. Dit verwys daarna dat die Here die gelowige bewaar tydens sy/haar aardse lewe en self daarna wanneer hy/sy die Ewige lewe ingaan en tot in ewigheid by die Here lewe. Wat 'n wonderlike troos.

..... Vervolg op volgende bladsy

.... Vervolg van vorige bladsy

Vertrou Hom om jou te bewaar te midde van jou omstandighede.

7. Die lewe hier op aarde is vol gevare, pyn en lyding.

8. Maar, na aanleiding van die belydenis oor wie die Here is nl. die bewaarder van sy kinders, in alle omstandighede, kan ons vir seker weet dat die Here altyd by ons gaan wees. Al gaan ons deur die donkerste tye vol leiding en hartseer, sal Hy ons nooit verlaat nie.

9. Hierdie belydenis wat ons vind in Psalm 121 maak dit aan ons baie duidelik dat die Here ons bewaarder is in alle omstandighede en spoor ons daarom aan om die Here te vertrou om ons te bewaar te midde van die omstandighede waarbinne ons, onsself bevind.

10. Die Here het aan ons sy Seun gegee, Emmanuel, dit beteken God met ons en so het Hy ons bewaar van die ewige dood. Hy het aan ons die versekering gegee van 'n Ewige lewe by Hom.

11. Na aanleiding van geloof in Christus het ons as gelowiges die Heilige Gees van God ontvang.

12. Die Gees lei ons elke dag om op die Here te vertrou vir ons bewaring hier op aarde sowel as die bewaring van ons siele vir die Ewige lewe.

13. Die Here is vir ons soos 'n skaduwee, Hy verlaat ons nooit nie en Hy slaap nooit sodat Hy onbewus sal wees van wat in ons lewens aangaan nie.

14. Die Here is die Een wat ons altyd bewaar in alle omstandighede, Hy is die bewaarder van sy kinders. Vertrou Hom nou, onder leiding van sy Gees deur die Verlossende werk van sy Seun Jesus Christus, om jou te bewaar te midde van jou omstandighede.

Vrae wat gevra kan word:

- † Wat beteken dit om te bewaar en hoe doen die Here dit?
- † Hoe speel die Here se bewaring uit in jou lewe? (Hoe ervaar jy dit?)
- † Wat beteken sy bewaring vir jou persoonlik?

ONDERSTEUN ONS LIDMATE!

Gekwalifiseerde versorger beskikbaar Maandae tot Vrydae 08:00 - 16:00 Sandra 079 885 4623

□□□□□□□□□□□

Ek maak gordyne, romeinse blindings en kwilts. Skakel Antonia Cloete by 073 006 0640

□□□□□□□□□□□

Grafiese ontwerper doen logos, brosjures, besigheids- en produk-indentiteit en nog meer. Skakel Ian by 084 720 9528

□□□□□□□□□□□

Avroy Shlain Skoonheidsprodukte Sanet Grönum 082 381 8854

□□□□□□□□□□□

Ek verskaf, en is 'n invoerder van mediese toerusting en gebruiksitems. Kontak Erica Versteegh by 021 856 3714 of erica@erimed.co.za

□□□□□□□□□□□

Beskikbaar vir rommel verwydering, huisoppas, na diere en tuine omsien. Kontak Fanie Maritz 0730228060

□□□□□□□□□□□

Vir die eko-vriendelike was van vensters tuis of besighede, kontak Godfrey Korb 076 046 2666.

Kontak Miriam Barnard vir natuurlike gesondheids-produkte, Sportron Ascendis en handgemaakte produkte bv. tafelmatjies, inkopiesakke ens. 083 744 6886

□□□□□□□□□□□

Vir beter kennis oor grondgeskiktheid en doeltreffende besproeiing in jou tuin, kontak gerus vir Giel Streuderst MSc. (Agric.) by 082 388 0064.

□□□□□□□□□□□

Kom leer om jou eie Tiffany lampe te maak asook vensters en deure! Kontak Jetty Salomons op 082 320 6577 of 021 856 0736.

□□□□□□□□□□□

Bioway MULTI Insect and Dustmite KILLER maak alle koudbloedige insekte, larwes en eiers dood ! Natuurlike produk, Veilig vir mense en troeteldiere. Salome Kruger 072 591 2667

□□□□□□□□□□□

Gratis finansiele dienste , gratis testamente , besparing op maan- delikse versekerings uitgawes asook die beskerming van fondse.

Skakel vir Jannie Grimbeek 082 882 3638 of epos jannie@triwealth.co.za

Kontak gerus vir Hermie as jy 'n ou teddiebeer wil laat regdokter 083 300 8999

□□□□□□□□□□□

Vir Aluminiumgeute en afvoerpype skakel vir Hugh of Hermie Michler 083 300 8999

□□□□□□□□□□□

Vir alle verfwerk in en om die huis, skakel Jan van der Waals 072 424 4653

□□□□□□□□□□□

Vir enige elektriese herstelwerk of installasies, kontak Mossie Mostert 072 910 8244

□□□□□□□□□□□

Kontak Gerrit Earle vir enige staal- en sweiswerk en die oprig van Wendy-huise. Hy kan ook klein vragte vervoer. Kontak Gerrit by ***073 654 4345***

□□□□□□□□□□□

Vermy enkelgebruik plastiek items. Kontak my vir Eko-vriendelike produkte: Herbruikbare Katoen Groentesakkies en Inkopiesakke, asook Bamboes Tandeborsels en Bamboes Strooitjies ens. Karen Versteegh 0827676833 of besoek https://hug-tree.co.za/

□□□□□□□□□□□

Stringligte te huur, skakel Karen 0827676833